Suid-Afrika gereël en deur Afma en die Suid-Afrikaanse Varkprodusente-organisasie (Savpo) ondersteun. Dit sal 'n kreatiewe platform skep waar belanghebbendes in die waardeketting byeen kan kom," sê Boshoff.

"Die jongste navorsing en tegnologiese vooruitgang sal bekend gemaak word. Die registrasiegeld is bekostigbaar, en aanlyn registrasie is reeds moontlik. Hoe vroeër jy jou plek bespreek, hoe goedkoper is dit."

Dr. Danie Vissier, direkteur by Juventis, sê: "Talle onderhandelinge en samesprekings het hiertoe gelei. Dit is 'n groot eer vir Suid-Afrika om dié simposium aan te bied. Prof. Max Rothschild van die Iowa-staatsuniversiteit is nou betrokke by die beplanning van die simposium en ons kom al 'n lang pad saam in die bedryf."

Lande wat groot varkvleisprodusente is, soos China, Rusland en Spanje, het al voorheen gasheer gespeel.

"Savpo sien dié simposium as 'n goeie geleentheid om die plaaslike mark van kennis van internasionale sprekers en navorsers te voorsien. Dié inligting kan gebruik word om die plaaslike mark en die varkbedryf in Afrika te verbeter," het mnr. Johann Kotzé, uitvoerende hoof van Savpo, gesê.

## EEUFEES

Mnr. Shaun Mockford, ondervoorsitter van die Varktelersgenootskap van Suid-Afrika, het bygevoeg die geleentheid sal die honderdjarige bestaan van die genootskap op gepaste wyse vier.

"Die genootskap beywer hom sedert 1919 vir die verbetering van rasstandaarde en genetiese vooruitgang. Ons meen die ondersteuning wat ons telers bied, het die afgelope eeu 'n groot verskil in die bedryf gemaak deur beter teling en eindelik verbeterde produksie en winsgewendheid.

"Die eeufeesviering en prysuitdeling sal 'n hoogtepunt wees op die simposium."

## SPREKERS

Prof. Esté van Marle-Köster, hoof van die departement vee- en wildkunde aan die Universiteit van Pretoria, het die hoofsprekers van die simposium aangekondig.

"Ons gaan regtig baie leer van dié navorsers en bedryfskenners oor onderwerpe wat strek van varkvoer tot genetiese vooruitgang en teling.

"Rothschild sal self twee sessies lei. Die eerste een sal handel oor die gebruik van genetika en genomika om die regte vark vir die mark te 'ontwerp'. Hy sal ook gesels oor die toekoms van varkproduksie."

Die ander sprekers sal ook toegespits wees op voer, produksie, reproduksie en dierewelsyn.

- Prof. John Patience se aanbieding kyk na voerplanne en bestuur wat varkvleisproduksie met minder of selfs geen antibiotikagebruik moontlik kan maak.
- Dr. Nick Gabler gaan praat oor die doeltreffendheid van sub-terapeutiese, antibiotiese, alternatiewe bestanddele vir varkvoer.
- Dr. Anna Johnson se voorlegging kyk na dieresorg op plase, en sy gaan oor die beginsels daarvan gesels.
- Dr. Billy Flowers vertel meer oor reproduksietegnologie, soos kunsmatige inseminasie en die bestuur van sôe en bere se produksieleeftyd.
- Dr. Kenneth Stalder vertel meer oor genetiese vooruitgang, die langlewendheid van sôe en seleksie.
- Die klem van dr. Christy Bratcher se voorlegging is op varkvleisgehalte en voedselveiligheid. **LBW**

› Navrae: Webwerf: **www.ensmingersymposium.co.za**; e-pos: **info@ensmingerpigsymposium.co.za**


# BEEFMASTER: VAN BOER TOT BRAAI



**Beefmaster** is die beste vennoot vir boere. Nie net bied ons hoog mededingende pryse vir alle beesrasse nie - van vleis tot suiwel - maar deur ons ongeëwenaarde markoplossings ontsluit ons addisionele inkomste vir u.

Ons wêreldklasgeriewe bied toegang tot groter markte, plaaslik en internasionaal, wat ons in staat stel om uitstekende diensvlakke aan beesboere te bied. Met 'n suksesvolle rekord wat oor meer as drie dekades strek, is Beefmaster steeds die vennoot wat jy vir alles wat met vleis te make het kan vertrou.

Kontak Beefmaster indien jy jou kalwers of slagbees wil verkoop by **053 441 9107** / **www.beefmaster.co.za**

Beefmaster®

**www.beefmaster.co.za**